NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2016

# VISUELE KULTUURSTUDIES: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2016

**Krediet kan gegee word vir enige van die punte wat hieronder gegee word of enige toepaslike en geldige argument wat die kandidaat geopper het.**

## AFDELING A KWESSIES WAT KUNS IN INTERNASIONALE KUNS AANSPREEK

## VRAAG 1 VISUELE GELETTERDHEID

1.1 **Ontleding: Verduidelik (Vlak 4) Punte verdeel 3/3 of 2/4**

Enige goed-gemotiveerde antwoord sal aanvaar word, byvoorbeeld:

Daar moet 'n sterk verwysing na die gebruik van kruit wees: Afbeelding A, Cai het kruit gebruik, wat aan die brand gesteek is om merke op papier te laat, wat hy tekeninge noem. Kruit is 'n baie ongewone kunsmateriaal en Cai neem die kruit 'n stap verder deur dit aan die brand te steek en dit aan die toeval en aan vuur oor te laat om merke op die papier te maak. Cai se keuse van medium het persoonlike betekenis vir hom omdat hy in China grootgeword het waar hy die gebruik van kruit as revolusionêre mag en tydens vierings waargeneem het. Die kruit kan as agent vir transformasie optree.

Afbeelding B is van plastiek gemaak wat deursigtig en verhewe/hang bo die grond. Die feit dat dit deursigtig is, stel die kyker in staat om interaksie met die kunswerk en die omliggende ruimte te hê, en dit skep 'n nuwe en ongewone ervaring vir die kyker. Dit dwing kykers om hul sienings van kuns en hul interaksie met kuns en ruimte te heroorweeg om sodoende die moontlikhede van die kunswerk te verbreed, wat duidelik in ooreenstemming met die kunstenaar se intensie is. (6)

1.2 **Begrip: Verduidelik (Vlak 2)**

Enige goed-gemotiveerde antwoord sal aanvaar word, byvoorbeeld:

Ja. Uitvoeringskuns behels gewoonlik die skep van 'n kunswerk in die teenwoordigheid van 'n gehoor. Die proses en die eindproduk is dikwels minder belangrik as die gebeure. In die geval van Cai se werk neem die gehoor waar en word betower wanneer die kunswerk aan die brand gesteek word en dit is 'n belangrike deel van die kreatiewe proses.
Nee. Uitvoeringskuns behels beplanning, die keuse van 'n ruimte waar die uitvoering sal plaasvind en dit vind gewoonlik op 'n spesifieke tyd plaas. Dit is meer 'n rituele ervaring as 'n skouspel, en dit lyk of Cai sy werk voor 'n uitgesoekte gehoor aan die brand steek wat die skouspel dophou. (3)

1.3 **Begrip: Herken, interpreteer (Vlak 2)**

Die enorme grootte/skaal van die kunswerk en die lang horisontale panoramiese formaat skep 'n sin van landskap. Die uitbeelding wat effens abstrak is, sinspeel op berge, miswolke en bome.
Woorde soos horisontale lyn, uitgestrekte spasie, atmosferies is ook pertinent aan die antwoord. Kandidate mag ook na die feit verwys dat die titel Enchaned Valley suggestief is van 'n vallei, deel van die landskap. (2)

IEB Copyright © 2016

1.4 **2 punte: Identifiseer: Benoem (Vlak 1);**
**2 punte: Toepassing: In verband bring (Vlak 3)**

Enige toepaslike visuele element sal aanvaar word, byvoorbeeld:
Kleur: Die subtiele deursigtige blou-groen kleur van die plastiek waaruit Afbeelding B bestaan, dra by tot die gewigloosheid van die werk, en laat die ruimte eindeloos voorkom.
Toon: Die effense verskil in die dikte van die lae plastiek skep 'n sferiese vorm in die kunswerk.
Tekstuur: Die tekstuur is glad en skep eenvormigheid in die kunswerk.

(1 punt vir benoem en beskryf; 1 punt vir verduideliking van die effek) (4)
**[15]**

**VRAAG 2 OPSTEL: KONSEPSIONELE EN INTERNASIONALE KONTEMPORÊRE KUNS EN ARGITEKTUUR**

Enige goed-gemotiveerde antwoord sal aanvaar word, byvoorbeeld:

Ja. Die skouspelagtige aard van kontemporêre konsepsionele kuns kan die aandag van die kyker aflei en die estetiese waardering van die kunswerk verbloem. DA

Damien Hirst se ***For the Love of God***, ('n menslike skedel herskep in platinum en versier met 8 601 diamante) AW RS

Hirst het sy diamant-oortrekte skedel op 'n ware menslike skedel geskoei en regte mens-tande gebruik. RF Meer as 8 000 egte diamante is gebruik en die werk bly juweelagtig en kosbaar. RF Die groot hoeveelheid diamante en die kosbare materiaal waarvan die werk gemaak is, verbyster die kyker. RF Dikwels is die kyker meer gefassineerd deur die materiaal en die monetêre waarde van die kunswerk, maar mis die boodskap wat deur die kunstenaar oorgedra word. DA Hirst het die beeld van die klassieke *memento mori* RF gekombineer met inspirasie van Asteekse skedels, die Mexikaanse liefde vir versiering en hul houding jeens die dood. RF Die *memento mori* moet vir die kyker dien as 'n herinnering aan ons eie verganklikheid, RF maar die kyker mag dalk die waarskuwing miskyk en eerder fokus op die versierde voorkoms van die werk. DA

**OF**

Nee. Die skouspelagtige aard van sommige kontemporêre en konsepsionele kunswerke dra by tot die effek, betekenis of interpretasie van die kunswerk. DA

Vir dieselfde kunswerk kan die kandidaat argumenteer dat Hirst vir ***For the Love of God*** sy diamant-versierde skedel gegrond het op 'n regte mensskedel en regte mens-tande gebruik het. RF Meer as 8 000 diamante is gebruik, en die werk bly duur en kosbaar. RF Terwyl die groot hoeveelheid diamante en die kosbare materiaal waarvan die kunswerk gemaak is, die kyker kan betower RF, herinner die skedel ons dat ons bestaan op aarde tydelik is. RF Hirst het die beelding van die klassieke *memento mori* RF gekombineer met inspirasie van Asteekse skedels, die Mexikaanse liefde vir versiering en hul houding jeens die dood. RF Die *memento mori* herinner die kyker aan sy eie verganklikheid. RF Hy verduidelik die dood soos volg: "Jy hou nie daarvan nie, dus vermom jy dit of jy versier dit om dit na iets te laat lyk wat draaglik is – in so 'n mate dat dit iets anders word." RF Hy verduidelik verder dat die dood so 'n gewigtige onderwerp is dat dit goed sal wees om iets

IEB Copyright © 2016 

te maak wat in die aangesig van die dood lag. RF Hierdie idee om in die aangesig van die dood te lag, resoneer met die kunstenaar se geloof in die waarde van versameling van kuns: wanneer jy sterf, kan jy nie jou kunsversameling saamneem nie. Dis ironies dat die diamante wat in die beeld gebruik is, onvernietigbaar en permanent is, anders as ons eie verganklikheid. Terwyl ons baie waarde heg aan hierdie kosbare, ewigdurende voorwerp, sal ons doodgaan en die voorwerpe agterlaat. DA Die skitterende diamante kan dus die een-en-twintigste eeuse obsessie met materiële rykdom en gierigheid versterk en ook 'n sekere lighartigheid bring in ons vrees vir die dood. DA Deur die diamante te gebruik, skep Hirst iets moois uit iets wat gevrees word. DA

**OF**

Kandidate kan albei kante argumenteer, dat die skouspelagtige aard van die kunswerk soms kan bydra tot die interpretasie van die kunswerk, maar in ander gevalle afbreuk daaraan kan doen.

Kandidate kan ook die soort kyker bespreek: 'n opgevoede kyker (wat insigte in konseptuele kuns het) kan anders op 'n werk reageer as 'n onopgevoede kyker.

| **Puntetoekenning vir Vraag 2** | | |
|---|---|---|
| 3 kunswerke (met kort beskrywing) deur 3 verskillende kunstenaars en/of argitekte. AW<br>Toepaslike keuse. RS | 3 punte<br><br>3 punte | Herroep: Kies<br>(Vlak 2) |
| Toepaslike feitelike inhoud. RF<br>4 punte kan per kunswerk toegeken word, volgens die aangehegte nasienrubriek. | 12 punte | Toepassing: Ondersoek<br>(Vlak 4) |
| Ontwikkeling van argument. DA<br>Punte word toegeken soos aangedui in nasienrubriek. | 12 punte | Evalueer: Assesseer/verdedig/argumenteer<br>(Vlak 6) |

**[30]**

## Rubriek vir Vraag 2: Opstel

<table>
<tr><td colspan="6">OPSOMMING VAN PUNTETOEKENNING: KEUSE EN FEITELIKE INHOUD (Vlakke 1–4)<br>• 18 PUNTE<br>• 3 KUNSTENAARS EN KUNSWERKE EN 3 TOEPASLIKE KEUSES<br>• MAKSIMUM VAN 4 FEITELIKE PUNTE PER KUNSWERK<br>• Omkring hieronder die korrekte aantal punte toegeken vir kunstenaar en kunswerke, en feite per kunswerk</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Toepaslike keuse ten opsigte van onderwerp van:<br><br>• kunstenaars<br>• kunswerk met beskrywing</td><td colspan="4">1 punt vir korrekte keuse en benoeming van kunstenaar, kunswerk en beskrywing.<br><br>Geen punte indien al drie hierdie komponente nie teenwoordig is nie.</td><td>Simbool vir nasienprotokol: AW<br><br>3 2 1 0</td></tr>
<tr><td colspan="4">1 punt vir toepaslikheid van kunswerk.<br>Geen punte vir ontoepaslike keuse.<br><br>Indien nodig, ken hierdie punt aan die einde toe omdat dit van die kandidaat se argument mag afhang.</td><td>Simbool vir nasienprotokol: RS<br><br>3 2 1 0</td></tr>
<tr><td>Toepaslike feitelike inhoud:<br><br>Simbool vir nasienprotokol: RF</td><td>Keuse van korrekte feitelike kennis uitstekend; feitelike bewys is uitstaande.<br><br>6 of meer toepaslike feite<br><br>4 4 4</td><td>Korrekte feitelike kennis word voorsien, maar met enkele gapings.<br><br>4–5 feite<br><br>3 3 3</td><td>Feitelike bewys bevat foute; daar is groot gapings en weglatings.<br><br>2–3 feite<br><br>2 2 2</td><td>Feitelike bewys is uiters beperk; met ernstige foute of foutiewe feite.<br><br>1 feit<br><br>1 1 1</td><td>Geen feitelike inhoud nie.<br><br>0 feite<br><br>0 0 0</td></tr>
</table>

IEB Copyright © 2016 

**OPSOMMING VAN PUNTETOEKENNING: ONTWIKKELING VAN ARGUMENT (Vlak 5 – 7)**

- **12 PUNTE**
- **DIE ARGUMENT MOET ASSESSEER WORD DEUR DIE HELE OPSTEL TE BEOORDEEL.**
- **DIE VLAK 6-BESKRWYING IS VIR DIE GEMIDDELDE LEERDER OF GEMIDDELDE OPSTEL.**
- **Simbool vir nasienprotokol:**
- **Inleiding: I**
- **Ontwikkeling van argument: DA**

| VLAKKE | VAARDIGHEDE | PUNTE |
|---|---|---|
| **7 +** | **Die uitstekende antwoord:**<br>• Inleiding getuig van kennis en toon 'n duidelike begrip van die onderwerp.<br>• Die argument is volledig en gedetailleerd, maak ongewone konneksies met meer as een punt in die argument wat na elk van die gekose kunswerke verwys.<br>• Dit is goed-gestruktureerd, spreek alle aspekte van die vraag aan, trek dit akkuraat en met begrip saam.<br>• Die kandidaat toon insiggewende verbande aan tussen feite en argument.<br>• **Die kandidaat spreek al die kompleksiteite van die vraag aan deur op te weeg, te konstrueer, naas mekaar te stel, te veronderstel, ens.** – hierdie is die diskrimineerder tussen 11–12. | **12–11**<br>(100–92%) |
| **7** | **Die baie goeie antwoord:**<br>• Inleiding dui op insig en 'n duidelike begrip van die onderwerp.<br>• Die kandidaat is in staat om meer as een argument aan te toon wat na die gekose kunswerke verwys.<br>• Die antwoord is goed-gestruktureerd en volledig, spreek alle aspekte van die vraag aan en trek hulle akkuraat saam.<br>• Die kandidaat toon ingeligte verbande aan tussen feite en argument.<br>• Die kandidaat worstel effens met die gekompliseerdheid van die vraag, maar is nie ten volle welsprekend nie. | **10**<br>(83.%) |
| **6** | **Die goeie antwoord:**<br>• Inleiding toon 'n begrip van die onderwerp.<br>• Die kandidaat stel geldige argumente met spesifieke verwysings na meer as een argument oor elk van die gekose kunswerke.<br>• Die kandidaat toon meestal duidelike verbande aan tussen feite en argumente in die liggaam van die opstel.<br>• Die argument is goed-gestruktureerd. | **9**<br>(75%) |
| **5** | **Die gemiddelde antwoord:**<br>• Die argument toon 'n algemene begrip van die tema-argument in die inleiding.<br>• Die kandidaat se argument is geldig, maar algemeen en spreek nie alle aspekte aan nie.<br>• Interessante argumente mag teenwoordig wees, maar dikwels sonder ondersteunende feite.<br>• Inkonsekwente argument/argument vir net 2 werke volgehou.<br>• Die opstel hou verband met aspekte van die onderwerp, maar die argument is nie volledig ontwikkel nie.<br>• 'n Goeie poging is aangewend om die opstel te struktureer. | **8***<br>(67%) |
| **4** | **Die sukkelende antwoord:**<br>• Toon 'n beperkte begrip van die vraagonderwerp en reageer op 'n een-dimensionele manier op die inleiding.<br>• Poog om te argumenteer, maar vaag en sonder om alle aspekte aan te spreek.<br>• Lê eenvoudige, onderontwikkelde verbande tussen feit en argument.<br>• Deurmekaar argumente kan teenwoordig wees, en gewoonlik sonder ondersteunende feite.<br>• Toon 'n poging om die opstel te struktureer, maar nie heeltemal suksesvol nie. | **7–6**<br>(58-50%) |
| **3** | **Die swak antwoord:**<br>• Toon onvolledige en foutiewe response op die onderwerp.<br>• Inleiding is vaag en sonder fokus of heeltemal afwesig.<br>• Nie genoeg kunswerke word bespreek om 'n argument te bou nie.<br>• Bied inleiding aan wat slegs 'n herbewoording uit gegewe teks is.<br>• Sonder fokus en met baie veralgemenings.<br>• Inkonsekwente argument/argument word net vir 1 kunswerk volgehou.<br>• Deurmekaar argumente mag teenwoordig wees, maar sonder ondersteunende feite.<br>• Weglating of wanbegrip van sleutelkonsepte van die inhoud wat belangrik is om die argument te formuleer.<br>• Geen struktuur om argument te ondersteun nie. | **5–4**<br>(42–33%) |

IEB Copyright © 2016

| | | |
|---|---|---|
| **2** | **Die baie swak antwoord:**<br>• Inleiding bevat stellings herbewoord uit gegewe teks of is uit fokus.<br>• Nie genoeg kunswerke word bespreek om 'n argument te bou nie.<br>• Is onakkuraat of simplisties.<br>• Geen poging tot argument nie.<br>• Argument toon geen verband met die onderwerp nie.<br>• Geen struktuur om die argument te ondersteun nie. | **3–2**<br><br>(25–16%) |
| **1** | **Die uiters swak antwoord:**<br>• Inleiding is slegs 'n herbewoording uit die gegewe teks of is heeltemal afwesig.<br>• Die kwessies is weens gebrekkige begrip nie aangespreek nie.<br>• Poog om aspekte van die vraag aan te spreek, maar toon gebrekkige begrip.<br>• Nie genoeg kunswerke word bespreek om 'n argument te bou nie.<br>• Geen struktuur om die argument te ondersteun nie.<br>• Geen argument teenwoordig nie. | **1–0**<br><br>(8–0%) |

## VRAAG 3 KORTER OPSTEL/PARAGRAWE

3.1 **Herroep: Kies (Vlak 1)**
**2 punte per gekose werk**

Byvoorbeeld: Duchamp se ***Fontaine*****:** Hierdie kunswerk bestaan uit 'n omgekeerde urinaal wat as R. Mutt geteken is. (4)

3.2 **Begrip: Beskryf (Vlak 2)**
**2 punte per gekose werk**

Enige goed-gemotiveerde antwoord sal aanvaar word, byvoorbeeld:

Duchamp het 'n alledaagse voorwerp soos 'n urinaal gekies en dit in 'n kunsgalery geplaas. Dit was deel van 'n reeks voorafvervaardigde kunswerke wat hy gemaak het en volgens hom was die skeppingsdaad in die seleksieproses en nie in die kunstenaar se weergawe daarvan nie. Hy het die werk as R. Mutt geteken en die alledaagse voorwerp as 'n voorwerp van nadenke aangebied. (4)

3.3 **Argumenteer/beoordeel (Vlak 6)**
**3–4 punte toegeken per kunswerk/indien slegs 1 werk gegee word, kan 'n maksimum van 4 punte toegeken word.**

Enige goed-gemotiveerde antwoord sal aanvaar word, byvoorbeeld:

Ja, Duchamp se urinaal was dalk afstootlik vir toeskouers wat nie die werk verstaan het nie. Hy het 'n vooraf-vervaardigde voorwerp, wat gewoonlik in 'n openbare ruskamer aangetref word, in 'n kunsgalery geplaas.

Hy het nietemin opsetlik 'n voorwerp gekies wat reaksie by toeskouers sou uitlok, met die oortuiging dat keuse nie op estetiese trefkrag moet berus nie, maar eerder 'op 'n reaksie van visuele ongeërgdheid met 'n totale afwesigheid van goeie/swak smaak' van die publiek. Hy diskrediteer smaak, vaardigheid, vakmanskap en hoër artistieke waardes wat tradisioneel met kuns assosieer word deur 'n totale verwerping en opstand teen aanvaarde artistieke norme te toon. (7)

**[15]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2016 

## AFDELING B ASPEKTE WAT KUNS IN SUID-AFRIKAANSE KUNS AANSPREEK

## VRAAG 4 PARAGRAWE

### WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA (1976 – 1994)

4.1 **Kies, benoem en beskryf – herroep (Vlak 1)**

Enige toepaslike Suid-Afrikaanse weerstandskunstenaar, bv. ***The Interrogators*** deur Paul Stopforth – hierdie triptiek is 'n monochromatiese, nabybeeld van die drie mans wat Steve Biko ondervra het. (2)

4.2 **Toepassing: Ondersoek (Vlak 3)**

Enige goed-gemotiveerde antwoord sal aanvaar word, byvoorbeeld: Stopforth beeld ongeregtighede van die apartheidstelsel in sy werk uit wat 'n spesifieke soort waarneming en getuienis van apartheidsera ondervraging en marteling en sterftes in aanhouding toon. Die skakel tussen vorm en inhoud moet duidelik in die antwoord getoon word.

Stopforth het besluit om 'n storie te vertel van 'n werklike gebeurtenis wat plaasgevind het – die dood van die aktivis Steve Biko wat in aanhouding gesterf het. Hy bied 'n nabybeeld van die drie mans wat na bewering vir Biko ondervra het. Die stoel in die agtergrond herinner aan 'n martelkamer en dat een oënskynlik doodgewone stoel onheilspellende konnotasies het as dit in 'n martelkamer geplaas word. Slegs 'n subtiele verwysing word na Biko gemaak omdat hy meer afwesig as teenwoordig is. Die konflik en geweld van apartheid word werklik/visueel deur kuns gemaak deur die gruwels van apartheid aan toeskouers bekend te stel. (6)

4.3 **Evalueer: Interpreteer (Vlak 6)**

**Die antwoord moet 'n duidelike skakel tussen vorm en inhoud toon.**

Hy bied 'n nabybeeld van drie mans aan, deur aandag te skenk aan die plooie op hul gesigte, maar tog lyk hulle afsydig en onbetrokke omdat hulle effens uit fokus is. Hulle is in jou ruimte/gesig wat hulle intimiderend laat voorkom. Hulle gesigte word op die voorgrond van die prentvlak geplaas sodat hulle in die kyker se ruimte/ gesigsveld geplaas word en meer intimiderend voorkom. Die monochromatiese tegniek beklemtoon die koue strakheid en versterk die koue harde feit van Biko se dood. (4)

IEB Copyright © 2016

4.4 **4 punte: Toepassing: Ondersoek (Vlak 3);**
**4 punte: Ontleding: Vergelyk (Vlak 4)**

**Die antwoord moet die interpretasie en boodskap fokus nie die noem van formele elemente nie.**

Witbooi se verwysing na graffiti, wat histories 'n genre van weerstandskuns is, verbind die werk onmiddellik aan 'n vorm van weerstand. Witbooi beeld 'n moeder uit wat haar dooie seun in haar arms vashou. Hy verwys na Michelangelo se ikoniese ***Piëta***-beeld waarin die dooie Christus in sy moeder se arms lê. Die assosiasie van Witbooi se werk met die bekende beeld van Maria en Jesus is maklik herkenbaar as 'n tema van smart en rou wat dit toeganklik maak vir toeskouers om Witbooi se werk te interpreteer. Dit versterk die idee van offer: net soos Christus sy lewe opgeoffer het vir 'n saak, is die myners by Marikana oorgelaat aan die genade van die owerhede. Die werk herinner ook aan die ikoniese foto van Hector Pietersen wat in die Soweto-opstande van 1976 gesterf het. Die insluiting van graffiti in die agtergrond roep die idee van weerstandskuns op terwyl die rooi rose simbolies van passie en bloedvergieting is. (8)

Kandidate mag ook enige van die volgende punte noem:
Chaos in agtergrond herroep protes.
Wapens en vuis in agtergrond is ikoniese simbole van protes.
Druppende verf herroep bloedvergieting.
Kleur is beperk tot nogal somber, donker kleure – suggestief van 'n morbiede gebeurtenis, en die palet is redelik beperk soos in protes plakkate.
Ekspressiewe merk-merking is ook suggestief van protes.
Die rose op die vrou se bors lyk soos geweerskote.
Die stoel is die agtergrond is suggestief van die stoel wat gebruik is in Stopforth se *Interrogators* (wat in sigself 'n protesstuk is).
In die agtergrond, wat van die bokant van die komposisie hang, is bene en voete – wat mens ook laat dink aan een van Stopforth se werke.

**[20]**

## VRAAG 5 PARAGRAWE

## POST-APARTHEID (POST-APRIL 1994) SUID-AFRIKAANSE KUNS

5.1 **Kies, benoem en beskryf – herroep (Vlak 1)**
**2 punte per gekose kunswerk**

Enige toepaslike kunstenaar wat na hul liggaam verwys as 'n manier om identiteit te erken, byvoorbeeld Berni Searle se ***Snow White***. Dit is 'n uitvoeringsvideo waarin Searle verfilm is terwyl sy nakend op haar hurke sit. Wit meel val van bo af op haar, gevolg deur water. Sy maak dan die meel bymekaar en knie dit in 'n deeg. (4)

5.2 **Begrip: Beskryf/Verduidelik (Vlak 2)**
**3–5 punte per kunswerk toegeken**

Searle gebruik haar liggaam as 'n middel om haar idees oor haar identiteit oor te dra vir die uitvoering en as vertrekpunt. Gedurende die uitvoering eis Searle haar liggaamsvorm terug deur die meel van haar liggaam af te vee tot op die vloer en begin dan raserig en ritualisties om deeg van die meel te maak, nou nat van die water wat ons van bo af kan hoor drup. Die knie van die deeg, 'n antieke arbeidsdaad, verander in 'n ritueel van verlossing. Deur die meel af te stof, eis sy haarself op haar eie terme op.

Searle spreek kwessies aan wat verband hou met vroue, ras, kleur, taal en spesifieke vrae oor die onlangse geskiedenis van Suid-Afrika. Haar kuns word 'n ingang tot die ingewikkelde geskiedenis van Afrika en ander streke en sy gebruik haar liggaam om dit te demonstreer. Searle se afkoms wat oor drie kontinente strek, neem die gehoor metafories deur 'n siklus van sigbaarheid en eliminasie – 'n herinnering aan die ervarings onder 'n apartheidsideologie. Sodoende gebruik Searle die metafoor van 'n feëverhaal en haar liggaam om haar herkoms oor te dra. Die titel 'Snow White' verwys ironies na die feëverhaal met dieselfde naam. (8)

5.3 **Evalueer (Vlak 6)**
**Kandidate kan oor albei standpunte argumenteer**

Nee. Sy gebruik haar liggaam om 'n storie te vertel, deur slim verwysing na die titel van 'n feëverhaal, na haar gemengde afkoms en herkoms. Sy gebruik 'n onkonvensionele benadering – 'n videoinstallasie waarin sy haar kaal liggaam ontbloot om haar boodskap oor te dra. Haar liggaam is nie 'n seksobjek soos wat 'n mens in 'n fliek of tydskrif sal sien nie. Sy is oorgewig en daag die stereotipiese idee van die vroulike naakstudie uit.

Ja. Indien iemand nie die betekenis van haar werk reg verstaan nie, kan hulle haar uitvoering waninterpreteer as dat dit die opvatting versterk dat 'n vrou se rol is om te kook. Haar groot liggaam (wat vaagweg herinner aan die Venus van Willendorf) kan haar ook as 'n vrugbaarheidsfiguur tipeer. Dit sou sosiale en geslag stereotipes versterk. Sy daag ook die idee van 'witheid' uit as oppervlakkig deur die gebruik van poeierige wit meel wat haar bruin liggaam bedek en haar wit maak. (8)

**[20]**

**40 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2016